MIDSTREAM COLLEGE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

NUUSBRIEF 10 | 30 JULIE 2026

SKOOLSAKE

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

'n Hartlike, al is dit effens laat, welkom terug aan almal ná 'n welverdiende wintervakansie. 'n Saluut aan elke leerder (en hul ouers), asook onderwysers wat die skool gedurende die vakansie op verskeie toere en uitstappies verteenwoordig het. 'n Spesiale woord van gelukwensing aan Aphelele Mbatsha wat vir die SA o. 17-meisiehokkiespan gekies is wat binnekort aan 'n internasionale toernooi gaan deelneem. Dankie ook aan almal wat teen die einde van die vakansie reeds fluks begin oefen het vir die rugby- en hokkiewedstryde en die revue-optredes wat voorlê.

> *Success is not final, failure is not fatal: It is the courage to continue that counts.*
>
> *Winston Churchill*

Die derde kwartaal is gewoonlik 'n bedrywige kwartaal en hierdie jaar gaan geen uitsondering wees nie. Baie sterkte aan al ons sprekers en kultuurgroepe met hul optredes hierdie kwartaal. Ek hoop om julle almal by ons jaarlikse drie-skole-konsert te sien wat Saterdag 29 Augustus in Ridge se skoolsaal aangebied word. Na die groot aanvraag in die verlede sal daar die dag 'n middag- en aandvertoning wees. My wens vir al ons hokkie- en rugbyspelers wat by uitspeelwedstryde betrokke is, is dat hulle dit gate uit sal geniet en die geleenthede sal aangryp. Ons o. 16- en eerste seunshokkiespanne het reeds gister na Potchefstroom vir hulle Noordvaalfinale vertrek. Mag almal die nodige waagmoed openbaar om tot die bittereinde hul bes te doen.

Die matrikulante is in die pylvak op pad na hulle rekordeksamen. Sterkte aan hulle met hul laaste voorbereiding. Nominasies vir die nuwe Midstreamraad en prefekte begin reeds Vrydag. Op hierdie vroeë stadium wil ek graag die huidige hoofleiers, prefekte en Midstreamraad vir hulle uitstekende werk gedurende hul termyn bedank. Hulle passie en entoesiasme is prysenswaardig.

> *A great leader's courage to fulfill his vision comes from passion, not position.*
>
> *John C. Maxwell*

Die graad 8's tot 11's het hierdie kwartaal baie om na uit te sien. Ek wil graag die ouers aanmoedig om hul kinders te motiveer om die kampe en Odyssey by te woon. Hierdie waardevolle geleenthede om saam met vriende in die natuur te ontspan, moet nie misgeloop word nie. Die Odyssey, sowel as die drie kampe, vorm 'n integrale deel van die College se opvoedingsproses. Carpe Diem!

RISE AGAINST HUNGER

'n Groot dank aan al die graadtiens wat tans besig is om elk R425 ten bate van hierdie projek in te samel wat 'n groot verskil in die lewens van minderbevoorregtes sal maak. Op 14 Augustus sal hulle ook help om maaltye vir hierdie waardige saak te pak. Indien u 'n addisionele bydrae tot hierdie verdienstelike saak wil maak, word u versoek om óf mnr Samuel Swanepoel (sswanepoel@midstreamcollege.co.za), óf mnr Hannes Verhoef (hverhoef@midstreamcollege.co.za) te kontak.